GROEIGROEP MATERIAAL

10de Maand Dankfees

Toekomsvenster - God se Woord

Opening

Ons is in die begin van `n nuwe kwartaal en daarmee ook in ons 10de Maand dankoffer tydperk. In hierdie tyd wil ons bietjie stilstaan by die begrip verantwoordelike rentmeesterskap. Wat sou verantwoordelike rentmeesterskap vir jou beteken?

_____

_____

Inleiding

Hoe fantasties sou dit nie wees as ek en jy in die toekoms kon sien nie of sou dit? Die Bybel maak ons deeglik bewus van die verlede, die hede en die toekoms. Watter een van hierdie sou vir God die belangrikste kon wees in ons lewe?

_____

_____

INHOUD & GESPREK

Een saak waaroor die Bybel baie duidelik is, is dat God nie vasgevang is in tyd nie. Hy kyk terug in die verlede, na vandag en weet ook wat in die toekoms kan gebeur. Miskien een van die rede dat God met baie gesag kan praat oor ons lewe. Die Bybel is vol voorbeelde oor hoe die besluite wat mense in die hede neem hulle toekoms gaan beïnvloed. Kan julle aan sulke voorbeelde dink in die Bybel?

_____

_____

As God dan weet wat vandag nodig is, hoe vertroue jy Hom met die raad wat Hy vir jou wil gee. Lees die volgende twee tekste en deel met mekaar oor hoekom ek en jy hierdie tekste ernstig of ernstiger behoort op te neem:

- Jeremia 29:11-13
- Johannes 10:10

Ek dink julle behoort saam te stem dat wat ons vandag doen `n groot invloed gaan hê op hoe more gaan lyk. Die keuse wat ons vandag maak kan ons of bevry (nuwe lewe gee) of vasbind (ons van die lewe roof). Verandering begin dus by my hede. Waarom dink jy wil God ons verander?

_____

_____

KOM ONS LEES

Hieronder is is twee verhale wat Sondag in die erediens gebruik is. Lees die verhale weer saam

Die verhaal van die ryk jongman (Markus 10:17-22)
Die verhaal van die Samaritaanse vrou (Johannes 4: 1-24)

Bespreek die volgende stellings:

- Jesus sien regdeur ons, en daar is nie iets wat ons vir Hom kan wegsteek nie
- Hy weet wat ons die nodigste het en weet presies wat die leegheid/leemtes in ons lewe is
- Hy spreek dit wat nodig is aan en dit verskil van mens tot mens
- In die verhaal van die jongman het hy al die gebooie vir hom voorgehou behalwe een. Watse een het hy gelos en hoe het dit sy lewe geraak.
- Sou julle se dat die Samaritaanse vrou tog godsdienstig was? Hoekom se die Here spesifiek vir haar dat die tyd aangebreek het dat sy God deur die Gees en in waarheid moet aanbid?
-

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Slot

Reflekteer in stilte op die volgende vraag: As Jesus die verhaal van jou moes vertel, wat sou Hy van jou gevra het om te verander? Hoekom dink jy sou dit so belangrik gewees het vir hom?

_____

_____

_____

Amen...